



Ons wil God se vreugde vermeerder!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

12 Mei 2022

Gedagte vir die week:

Elke situasie vra dat ons luister voor ons doen.

Vertrekpunt:

Handelinge 13

Meditasie uit die Woord:

Die lewe van die vroeë kerk soos in Handelinge uitgebeeld, fassineer my. Ek lees die kriptiese/vinnige weergawe van dokter Lukas in Handelinge, maar ek wonder elke keer hoe dit regtig gebeur het, wat vooraf gebeur het en wat na die tyd gebeur het. Ek wonder byvoorbeeld hoe hulle die Gees gehoor het. Ek wonder hoe hulle vergaderings verloop het en hoe hulle besluite geneem het. Dit klink in die Handelinge-weergawe daarvan so duidelik en eenvoudig. Maar was dit? Al wat ek beslis weet is dat hulle baie ingestel was op luister omdat hulle baie ingestel was op Goddelike leiding. Hierdie week inspireer my om só te leef ... ingestel op luister en op God se stem. Ek wonder verder nalg die teks of 'n mens Petrus en Paulus sonder meer as voorbeelde en rolmodelle moet neem. Ons het al gepraat oor Petrus se gesprek met Simon die towenaar in Handelinge 8. Hierdie week lees ons van Paulus se gesprek met die "profeet", ene Barjesus (ook genoem, Elymas). Wanneer ek lees hoe Paulus met hom praat, wonder ek wat het dan geword van die vrugte van die Gees, of het Paulus dit eers later ontdek. In Paulus se aanspreke van Barjesus is daar na my beskeie mening min nederigheid, vriendelikheid, selfbeheersing, liefde, geduld en sagmoedigheid. So ek wonder of daar tye is wat 'n mens hard en kwaai moet wees? Kan 'n mens alles altyd regstel met geduld en langs sagte weë? Is die vrugte van die Gees soms onprakties en selfs ongewens? Al wat ek weet is dat elke situasie is uniek en daar kan nie een reël wees wat in elke situasie ewe goed werk nie. 'n Mens sal dus luisterend in elke situasie moet optree. Beter gestel: eers luister, dan doen. Dit bly 'n nimmereindigende luisterende soektog en gesprek oor wat is gepaste gedrag in elke lewensomblik. Ek maak dus vrede saam met Petrus en Paulus dat ons soekers is. Opregte soekers. Luisterend na die beste weg in elke oomblik. Selfs na 38 jare in die bediening twyfel ek nog gereeld oor wat my te doen staan in bepaalde situasies. En ek weet ek was dikwels in die verlede net té haastig. Luister eers, dan doen!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 15 Mei 2022 om 09:30 het ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/cM6NIOH17GI>

Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se identiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Leierskap	Leiers word nie gekies of aangewys nie. Leiers meld aan nadat hulle hopelik vanuit 'n luisterende gebedslewe self die roeping gehoor/ontvang het. Leierskap gaan nie oor mag en status nie, maar oor diens aan God via diens aan die gemeente en die wêreld. Leiers het 'n aanspreekbaarheid teenoor mekaar. Leierskap moet by uitstek binne die geloofsoortuigings van die gemeente besluite neem.
-----------	---

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com